



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Finansiële Beleid

Verwysingsnommer	4P/4
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
Beleideienaar	Institusionele Hoofdirekteur: Finansies
Verantwoordelike afdeling	Finansiële Administrasie
Status	Goedgekeur deur die Raad
Goedgekeur deur die	Raad
Datum van goedkeuring	23 November 2012
Wysigings	Hierdie beleid vervang die beleid soos goedgekeur deur die Raad op 23 November 2007.
Datum van wysigings	Hierdie beleid is hersien gedurende 2012.
Hersieningsdatum	2014
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres op die beleid-databasis	SHARE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\database/policy documents\4P-4-financial_a.docm



Finansiële Beleid

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie Finansiële Beleid op 23 November 2012 aanvaar.

2 Beleidsverklaring

Hierdie finansiële beleid stel die Raad in staat om toesig te hou oor die volhoubare, verantwoordelike en doeltreffende bestuur hiervan en verslagdoening oor die Universiteit se finansiële bedrywighede ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, die Universiteit se statuut en hierdie beleid.

3 Toepassing

Die finansiële beleid is van toepassing op alle finansiële aktiwiteite en transaksies van die Universiteit en entiteite wat deur die Universiteit beheer word, insluitende alle kampusse. Dit word ondersteun deur die toepaslike wetgewing wat op die Universiteit van toepassing is, soos vereis deur die Suid-Afrikaanse Regering, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ('IFRS') soos uitgereik deur die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde. Deur die finansiële beleid toe te pas, het die Universiteit ten doel om akkurate inligting te voorsien, wat in die finansiële jaarstate van die Universiteit aangebied word.

4 Doelwitte van die beleid

Met hierdie beleid wil die Universiteit:

- Bestuurders en werknemers bystaan om verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die bestuur van die aktiwiteite van die Universiteit te aanvaar;
- die Raad bystaan deur die integriteit, volledigheid en akkuraatheid te verseker van finansiële data wat in die finansiële stelsels van die Universiteit geboekstaaf is;
- bestuurders en werknemers bystaan met die totstandbrenging van 'n gesonde beheeromgewing vir werknemers en die beperking van die risiko's verbonde aan die uitvoering van hul finansiële pligte;
- voldoening aan die toepaslike wette, regulasies asook rekeningkundige en verslagdoeningstandaarde bevorder; en
- konsekwente finansiële praktyke, bedryfsdoeltreffendheid en beste praktyk regdeur die Universiteit bevorder.

5 Finansiële Beginsels

5.1 Finansiële reëls, handleidings en prosedures

Hierdie beleid moet saam met die Universiteit se finansiële reëls, handleidings en prosedures vir spesifieke aktiwiteite gelees word.

5.2 Finansiële state

Finansiële state maak deel uit van die proses van finansiële verslagdoening en word gegrond op die inligting oor die finansiële stand, prestasie en veranderinge in finansiële stand van die Universiteit wat deur bestuur gebruik word.

Die gekonsolideerde finansiële state is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS") soos uitgereik deur die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde. Die gekonsolideerde finansiële state word ook opgestel in ooreenstemming met die vereistes soos gestel deur die Minister van Onderwys ingevolge Artikel 41 van die Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997 (soos gewysig)).

Die Raad is, deur die Oudit-, Voldoenings- en Risikobestuurskomitee van die Raad, vir die magtiging van finansiële state verantwoordelik.

Die finansiële jaar eindig op 31 Desember van elke jaar.

5.3 Onderliggende aannames vir boekstaving van finansiële transaksies

Alle finansiële transaksies en gebeure word in die finansiële stelsel van die Universiteit geboekstaaf om 'n ware en billike beeld van die finansiële stand, prestasie en veranderinge in die finansiële stand van die Universiteit in enige finansiële jaar te verteenwoordig.

Alle finansiële transaksies word op die volgende aannames gegrond:

5.3.1 Toevallingsgrondslag

Die uitwerking van transaksies en ander gebeure word erken wanneer dit plaasvind en nie wanneer kontant werklik ontvang of betaal word nie, en word in die finansiële stelsel van die Universiteit geboekstaaf in die tydperke waarop dit betrekking het.

5.3.2 Betroubaarheid van inligting

Ten einde nuttig te wees, moet inligting vry wees van potensieel misleidende foute en betroubaar wees vir die gebruikers van die finansiële syfers.

5.3.3 Wese bo vorm

Dit is nodig dat transaksies en ander gebeure in rekening gebring en aangebied word ooreenkomstig hul wese en ekonomiese realiteit en nie bloot hul wetlike vorm nie.

5.3.4 Volledigheid

Inligting wat in die finansiële stelsel geboekstaaf word, moet volledig en akkuraat wees wat betref die transaksie.

5.3.5 Beste belang van die Universiteit

Elke werknemer het die verantwoordelikheid om altyd alle bedrywighede, transaksies en gebeure in die beste belang van die Universiteit te hanteer en om alle bates van die Universiteit te beskerm.

5.4 Grondslag van konsolidasie

Die finansiële state word op 'n gekonsolideerde grondslag opgestel, wat ooreenkomstig die Rekeningkundige Beleid op al die Universiteit se aktiwiteite en entiteite fokus.

5.5 Behoud van finansiële rekords

Finansiële rekords moet ingevolge die Universiteit se Rekordbestuursbeleid in stand gehou word.

5.6 Magtigingsvlakke

Goedkeuring van transaksies moet gegee word ooreenkomstig die Magtigingsvlakke soos goedgekeur die Raad.

5.7 Botsende belange

Botsings van belange word ooreenkomstig die Beleid oor Botsing van Belange gereguleer.

5.8 Delegering van pligte

Geen enkele individu mag volledige beheer oor enige finansiële transaksie hê nie. Alle aspekte van 'n finansiële transaksie is aan toepaslike beheermaatreëls onderhewig.

5.9 Delegering van verantwoordelikhede

Take mag slegs aan gekwalifiseerde persone gedelegeer word wat aktief betrokke is by die take wat uitgevoer word en oor die toepaslike kennis en tegniese vaardighede beskik om die take uit te voer, insluitende kennis van toepaslike regulasies en beleid, en die gesag het om die take uit te voer, met dien verstande dat aanspreeklikheid nie gedelegeer kan word nie.

5.10 Data-integriteit

Elke afdeling moet prosedures tot stand bring en implementeer ten einde data-integriteit te verseker, en elke transaksie moet in die Universiteit se finansiële stelsel op volledige, akkurate en tydige wyse geboekstaaf word.

5.11 Vertroulikheid van finansiële inligting

Alle finansiële inligting van die Universiteit is vertroulik en mag slegs aan eksterne partye openbaar gemaak word nadat dit deur die Departement Interne Oudit geverifieer is.

5.12 Boekstaving van finansiële inligting vir afdelings met gebruik van afsonderlike finansiële boekstavingstelsels

Enige afsonderlike finansiële stelsel moet vooraf deur uitvoerende bestuur goedgekeur word. Transaksies wat in sodanige afsonderlike finansiële stelsel weerspieël word, moet op 'n ooreengekome wyse in die Universiteit se finansiële stelsel geboekstaaf word.

5.13 Bankrekenings

Geen afdeling word toegelaat om 'n bankrekening te open sonder die voorafgaande magtiging van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite of sy gedelegeerde nie.

5.14 Interne beheermaatreëls

Bestuurders moet verseker dat toepaslike beleid en prosedures ten opsigte van finansiële beheermaatreëls geïmplementeer word en dat elke werknemer daaraan voldoen. Alle werknemers moet interne beheertekortkominge aan hul onmiddellike lynbestuurder en aan Interne Oudit rapporteer.

5.15 Interne ouditering

Interne Oudit-aktiwiteite moet uitgevoer word ingevolge die Handves vir Interne Oudit wat deur die Raad goedgekeur is.

5.16 Eksterne ouditering

Die Raad stel jaarliks eksterne ouditeure aan om die statutêre audit uit te voer. Ander spesifiek ooreengekome prosedures moet aan eksterne ouditeure toegewys word, soos Uitvoerende Bestuur van tyd tot tyd kan vereis.

5.17 Verslagdoening en ondersoek na bedrog en wangedrag

Oortredings soos diefstal, bedrog en korrupsie word as ernstige wangedrag ingevolge die Universiteit se dissiplinêre kodes en prosedures behandel en hanteer. Elke werknemer moet enige twyfelagtige gedrag ten opsigte van finansiële aangeleenthede aan Interne Oudit rapporteer. Die Universiteit het die verpligting om finansiële wangedrag soos vereis deur wetgewing te rapporteer.

6 Navrae

Institusionele Hoofdirekteur: Finansies